

# ST. WALTRUDE

9 APRIL

(sterf 686)

Sy stam uit 'n besondere familie, beide haar vader en moeder, asook haar suster word as heiliges vereer. Waltrude was getroud met Madelgaire (wat ook as heilige vereer word), die graaf van Henegouwe en die belangrikste edelman aan die hof van die Frankiese koning, Dagobert I. Nadat hulle hul kinders groot gemaak en goed opgevoed het, besluit hulle albei om 'n lewe van gebed te lei, geheel en al aan God gewy. Haar man tree in as monnik by die klooster wat hy by Haumont gestig het. Twee jaar later stig Waltrude 'n klooster op 'n afgeleë plekke met die naam Chateaulieu. Rondom dié klooster sou die latere stad Bergen (ook bekend as Mons) ontstaan. Hoewel sy die klooster gestig het, het sy geweier om enige leierskap posisie te beklee. Sy het as eenvoudige non geleef, iets wat die adelstand, waaruit sy gestam het, nie kon begryp nie en sy moes baie spot van die hoëlui verduur. Haar diep gemoedsrus en blye uitstraling van die evangelie boodskap het almal opgeval wat met haar in aanraking gekom het. Sy het ook oor die gawe van genesing beskik en talle mense is deur haar genees.